

Lees: 1 Johannes 1:1-10 en 2:18-3:3 (1983AV)

Fokusverse: 1 Johannes 3:1,2

“Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook. En die wêreld ken ons nie, omdat dit Hom nie ken nie. Geliefdes, ons is nou kinders van God. Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees.”

GJC Jordaan

Hoofgedagte:

In Christus herskep God ons tot sy kinders, en in ons roeping as kinders verseker en lei Hy ons deur sy Gees tot die voleinding toe.

1. Jesus Christus is die Seun van God.
2. Ook óns is kinders van God, deur wedergeboorte.
3. Deur die Gees se werk in ons kry ons gelaatstrekke van ons Vader.
4. God sê self dat ons sy kinders is – in liefde.
5. Ons is kinders op pad na ons ewige Vaderhuis.

Sing: Psalm 33:1,6

38:1,15,17

90:9

91:1,6

Geliefde Broers en Susters,

In die deel wat ons so pas gelees het, stel die Here my en jou saam met alle gelowiges voor die vraag:

Hoe kan ons vir seker weet dat ons kinders van God is?

In ons teksverse word ons na 'n antwoord gelei.

Maar voor ons by die antwoord kan uitkom,

is daar eers iets anders wat ons baie goed moet weet,

iets wat die apostel Johannes baie duidelik in hierdie brief¹ stel:

Ons moet eers weet en glo dat Jesus Christus die Seun van God is.

Hoekom so?

Kom ons kyk hoe die apostel dit verduidelik.

En in die proses leer ons terselfdertyd hoe ons vir seker kan weet dat ook ons kinders van God is!

1. JESUS CHRISTUS IS DIE SEUN VAN GOD

Om mooi te verstaan wat Johannes hier in ons teks sê, moet ons in gedagte hou dat hy in sy jong dae een van Jesus se dissipels was. As dissipel het Johannes die onbeskryflike voorreg gehad **om Jesus self in lewende lywe te sien**.

Vir drie jaar lank was hy en die ander dissipels by Jesus, elke dag! Hulle het Hom hoor preek.

Hulle het die wondertekens gesien wat Hy gedoen het.

Hulle was ook ooggetuies van Jesus se kruisdood en van sy opstanding, tot op die dag toe Jesus opgevaar het na die hemel.

Van al hierdie dinge wat hy gesien en gehoor het, kon Johannes en die ander dissipels, toe hulle later die Here se apostels geword het, getuienis lewer, regoor die destydse wêreld.

Maar die tyd het aangestap.

Een na die ander het die apostels ontslaap.

Totdat Johannes later alleen oorgebly het – 'n bejaarde apostel in 'n jong kerk.

En toe, op sy oudag, het Johannes die pen opgeneem en hierdie brief geskryf, aan die jong kerk.

Die rede was omdat hy tot sy droefheid gesien het dat dwaalleer op die kerk begin toesak.

Daar het mense in die kerk ingekom wat die gelowiges wou kom wysmaak dat Jesus nie die Seun van God is nie.

Jesus kán nie wees nie, het hulle gesê,
want God het nie kinders hier op aarde nie.

En, het hulle daarby gesê,

as Jesus dan die Seun van God sou wees,
kon Hy nie regtig mens gewees het nie.

Dat Hy mens geword het, was dan net oëverblindery.

Dan het Hy hier op aarde het net 'n skynliggaam gehad.

U sien, broers en susters, hulle dwaalleer het gegaan oor die twee nature van ons Here Jesus Christus. Hulle het geleer:

- Jesus was nie regtig Seun van God nie.
- En Jesus was nie regtig mens nie.

Dit het hulle in die kerke rondvertel.

En daarmee het hulle die gelowiges verwar.

Toe Johannes dit hoor, kon hy nie stilbly nie.

Hy val weg en hy skryf (1:1, wat ons netnou gelees het):

**“Wat van die begin af was,
wat ons gehoor het,
wat ons met ons eie oë aanskou het,
wat ons aanskou het en ons hande getas het
aangaande die Woord van die lewe – ”**

Hoor u, broeder en suster?

Dit is asof Johannes so met die eerste woorde van sy brief uitroep:

Hoe kan hulle sê dat Jesus nie liggaamlik mens was nie?!

Ek het Hom dan self gesien, en gehoor.

Ek het self met hierdie twee hande aan Hom geraak.

Glo my, Jesus was werklik!!

Hy was werklik die Seun van God.

En Hy het werklik mens geword, soos een van ons.

Ek weet.

Ek het Hom self gesien.

Ek kan as ooggetuie bevestig dat Hy van die Vader gekom het, 'n mens saam met ons was, en weer na sy Vader teruggekeer het.

So sterk voel die bejaarde apostel hieroor dat hy in Hoofstuk 2 (vers 22) skryf:

**“Hy wat die Vader en die Seun nie erken nie
is die Antichris.”**

Geweldige kras woorde, maar woorde wat die kol 100% tref.

Hierteen sou die dwaalleraars onmiddellik beswaar gemaak het deur te sê:

Wat Johannes sê, is onmoontlik: Hoe kan God tog kinders hê?

2. OOK ONS IS KINDERS VAN GOD DEUR WEDERGEBOORTE

En dan kom die apostel se antwoord – **beslis nie die antwoord wat sy opponente verwag het nie.**

Want sy antwoord kom op die volgende neer:

God het nie net een kind nie. Hy het somer baie kinders!

Dit skryf Johannes, maar nie aan die adres vir die dwaalleraars nie, want hulle weier in elk geval om na hom te luister, selfs al praat hy as ooggetuie.

Daarom draai die apostel in ons teksverse as 't ware na die gelowiges toe en spreek hulle aan. Vir hulle sê hy: Kyk!

Kyk net na God se kinders hier op aarde.

Ja, as julle net mooi kyk sal julle sien:

**“Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy
noem ons kinders van God, en ons is dit ook.”**

Kyk, en julle sal sien dat julle, die gelowiges, dat julle SELF God se kinders is!!

Dit is asof Johannes hiermee sê:

Die dwaalleraars beweer dit is onmoontlik dat God 'n Seun kan hê.

Maar hulle bewering is nie die waarheid nie.

Want kyk, julle is dan self almal kinders van God!

Kinders van God? Ons? Hoe is dit moontlik? wil 'n mens dadelik vra.

Ja dit kan, skryf die apostel in vers 29, want julle is **uit God gebore.**

Ons, wat hier op aarde elkeen uit ons eie ouers gebore is, moet beseft dat ons ook uit God gebore is.

Wedergeboorte – dit is waarvan die apostel hier praat.

Wedergeboorte is iets wat 'n mens moeilik begryp.

In Johannes 3:4 lees ons hoe Nikodemus destyds gesukkel het om te verstaan toe hy hoor Jesus sê dat ons weer gebore moet word.

Nikodemus het toe gevra:

“Hoe kan 'n mens weer gebore word?

'n Mens kan tog nie 'n tweede keer in die skoot van jou moeder ingaan en weer gebore word nie!”

Daarop het Jesus vir hom verduidelik dat die wedergeboorte 'n geestelike geboorte is wat God deur sy Heilige Gees in jou laat gebeur.

Dit bly maar 'n moeilike saak om te begryp, maar miskien word dit meer verstaanbaar as ons die wedergeboorte sien uit die hoek van die geloof:

Die Heilige Gees bewerk geloof in ons.

Deur die geloof word ons aan Christus verbind, kry ons deel aan Hom.

So skryf die apostel aan die begin van sy brief, in 1:3 wat ons gelees het. En omdat ons deel het aan Hom, aan Hom wat die Seun van God is, het ons ook deel aan sy kindskap.

U sien, broers en susters, byna soos met 'n eenvoudige optelsom bring die apostel ons by die antwoord uit:

Omdat Christus die Seun van God is,

is ook elkeen wat deur die geloof deel is van Hom,
ook saam met Hom kind van God.

Hiervan getuig die apostel Johannes nie net vir die gelowiges destyds nie, maar vir die kerk van alle eeue, ook vir ons vandag.

Kortweg kan ons sy getuigenis so saamvat:

Elkeen wat deur die geloof een geword het met Jesus Christus, is uit God gebore en word so 'n kind van God.

3. DEUR DIE GEES KRY ONS GELAATSTREKKE VAN ONS VADER

Teen hierdie argument van Johannes sou die dwaalleraars van destyds (EN dié van ons tyd) natuurlik beswaar aanteken, en sê:

‘Julle – kinders van God? Nog nooit nie!

Julle is tog maar soos die res van ons.

Gaan vra maar vir ander mense wat elke dag saam met julle leef:

Sien hulle dalk iets van God in julle raak?’

In ons teksvers antwoord die apostel Johannes namens ons:

“Die wêreld ken ons nie, omdat dit Hom nie ken nie.”

Kyk, dit is tog eenvoudig:

'n Mens ken 'n Vader en kinders aan hulle gelaatstrekke uit.

Mense kan dus net die Vader se gelaatstrekke in die kind raaksien as hulle die Vader ook ken.

Daarom, as dit oor ons en ons hemelse Vader gaan, is dit verniet dat ons die wêreld se opinie vra.

Hulle ken buitendien nie die hemelse Vader nie.

Hoe sou hulle sy kinders dan herken?

Watter gelaatstrekke van ons hemelse Vader kan daar tog by ons wees, broers en susters?

Ja wel, dié gelaatstrekke sien 'n mens nie sommer raak nie, want net soos ons wedergeboorte geestelik is, so is ook hierdie **gelaatstrekke geestelik**.

Sondag 3 van die Kategismus praat van “ware geregtigheid en heiligheid” as kenmerke, gelaatstrekke van God wat ons deur **wedergeboorte** verkry.

Sy Gees, wat ons weer gebore laat word,

laat ook die gelaatstrekke van die Vader in die kinders groei.

Iets hiervan hoor ons in Romeine 8: **“Almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.”**

Die Heilige Gees laat God se geregtigheid en heiligheid dag vir dag in ons toeneem, sodat dit op baie maniere sigbaar word:

Die vrug van die Gees, noem Galasiërs 5 dit:

liefde, vreugde, geduld

vriendelikheid, goedhartigheid,

getrouheid, nederigheid, en selfbeheersing.

– alles kenmerke, gelaatstrekke, wat daar by ons Vader is.

So, as die wêreld maar net God geken het,

dan sou hulle hierdie gelaatstrekke in ons raakgesien het.

Maar as ons eerlik oor onself wil wees, broers en susters, moet ons toegee:

In ons lewe word daar dikwels bitter min vrugte van die Gees gesien.

In ons lewe is die sonde is baie keer meer opsigtelik.

Veral as ons onself 'n slag weer eerlik gaan meet aan die Tien Gebooie.

In plaas van liefde tot God en ons naaste,

tref ons so dikwels by onself aan: haat, afguns, bedrog, woede,

naywer, uitspattigheid – en al die ander **vrugte van die vlees**

waarvan Paulus in Galasiërs 5 praat.

Soos Paulus in Romeine 7, so ervaar ons ook:

As ons die goeie wil doen, dan staan die kwade ons by.

So skryf die apostel Johannes ook in 1:8:

“As ons beweer dat ons nie sonde doen nie bedrieg ons onself en die waarheid is nie in ons nie.”

Wat dan? Hoekom sien ons so min van ons hemelse Vader se gelaatstrekke in onself?

Hierop antwoord Johannes in die tweede deel van ons teksvers (vers 2).

Hy skryf:

“Ons is nou kinders van God,” maar onthou: **“Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie.”**

Met ander woorde:

Ons is nog nie daar waar ons uiteindelik moet wees nie.

Ons is nog op pad na volmaakte kind-wees.

Die Heilige Gees is nog aan die werk in ons.

Hy roep ons elke dag weg van ons ou self en trek ons 'n bietjie verder boontoe – nader aan die gestalte van ons hemelse Vader.

Efesiërs 4:22 stel dit as 'n opdrag:

“Lê dan die oue mens af en word vernuwe in die gees van julle gemoed.

Beklee julle met die nuwe mens wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid.

Lê die leuens af ... moenie dat woede julle oorheers nie ... laat geen vuil word uit julle mond uitgaan nie ...”

... en so aan.

Duidelik is dit 'n proses.

Daaglikse bekering, noem die Kategismus dit.

So neem ons elke dag meer en meer die gestalte – of dan die gelaatstrekke – van ons hemelse Vader aan.

Maar in hierdie lewe kom ons nooit volmaak daarby uit nie,

en moet ons elke keer maar weer sê wat Johannes in ons teks sê:

“Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie.”

Nog nie ... nog nie.

En in hierdie “nog nie”-tyd oorval die onsekerheid en moedeloosheid ons maklik, sodat ons onself afvra:

Hoe moet ons dan vir seker weet dat ons kinders van die Here is?

- Die wêreld wil of kan ons nie herken nie.
- In onself sien ons dikwels meer gelaatstrekke van die ou sondige mens as gelaatstrekke van God.

Hoe kan ons weet?

4. GOD SÊ SELF DAT ONS SY KINDERS IS – IN LIEFDE

Kom ons antwoord hierop met 'n voorbeeld uit die alledaagse lewe:

Hoe weet ons eie kinders wie se kinders hulle is?

Wel, hulle wéét dit net, want van kleins af het hulle **by jou gehoor** dat hulle jou kinders is.

En hulle het eenvoudig jou woord aanvaar.

Hulle het jou geglo.

Net so, sê Johannes, kan ons weet dat God ons Vader is en ons sy kinders, omdat Hy so sê,

In ons teksvers skryf Johannes:

“Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook.”

“Ons word kinders van God genoem.”

Die teks sê nie wie ons kinders van God noem nie.

Maar die manier waarop dit in die oorspronklike taal geskryf is, maak dit duidelik dat die God Self is wat ons so noem.

Met ander woorde: God self sê ons is sy kinders, en Hy ons Vader.

As Hy dit dan sê – waarom sou ons twyfel?

En sou jy nou vra: Geld dit ook vir my persoonlik?

Waar en wanneer het God gesê dat ek ook sy kind is?

Dan kom die antwoord van ons belydenis: By jou doop.

Die dag toe jy gedoop is, het God openlik voor baie getuies verklaar:

Hierdie kind is myne!

Gaan lees net weer die dankgebed aan die einde van die doopformulier:

“Ons dank en loof U dat u ons en ons kinders deur u Heilige Gees tot lidmate van u eniggebore Seun en daardeur tot u kinders aangeneem het en dit met die heilige doop beseël en bekragtig.”

Maar as die twyfel dan nog hardkoppig bly vassteek, en jy vra:

Nou waarom juis ék?

Wat het ek dan gedoen dat God mý sy kind sou wou maak?

... dink dan maar net weer aan hoe dit met ons gewone aardse ouers gaan:

Moet die babatjie eers homself bewys voor sy ouers hom as kind aanvaar?

Nee, voordat die klein mensie nog iets kon presteer, oorweldig die ouers hom of haar met liefde

– by gewone, normale ouers, altans –
tot so 'n mate dat die ouers bereid is om hulle kindjie selfs met hulle lewe te beskerm.

So is dit met gewone aardse ouerskap, met ons wat sondaarmense is.

Hoeveel te meer is dit so met ons hemelse Vader!

Uit sy volmaakte liefde het Hy ons sy kinders gemaak.

Johannes skryf in ons teksvers:

“Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het dat Hy ons sy kinders noem.”

So groot dat Hy, nog voordat ons enigiets kon presteer, sy eie lewe vir ons gegee het: Jesus Christus aan die kruis,
om ons van die ewige verdoemenis vry te koop.

Onbeskryflik groot is sy liefde.

Hoe sê Romeine 8 nou weer?

“Ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus ons Here is nie.”

Nog iets:

Die wonderlike met die wedergeboorte is dat God ons daarmee nie uit hierdie wêreld wegneem nie.

Met ons wedergeboorte word ons God se kinders en word Hy ons Vader.

Maar daarmee neem Hy ons nie weg van ons aardse ouers nie.

Nee, die wedergebore kind van God bly steeds die kind van sy of haar aardse ouers.

So sien ons dit by elke kindjie wat gedoop word.

By die doop verklaar God amptelik dat die kindjie syne is,

maar tog laat bly Hy die kindjie by sy aardse ouers – met 'n duidelike opdrag oor hoe hulle met sy kind moet maak:

Hulle moet die kindjie opvoed om sy/haar hemelse Vader te ken!

Die aardse ouers behou die vreugde van ouerskap en die verantwoordelikhede, en die blydschap om die kindjie te sien ontwikkel.

Dit is ook vir hulle gegee om te sien hoe die kindjie, in die proses van die verbondopvoeding al meer die geestelike gelaatstrekke van sy/haar hemelse Vader aanneem.

So is dit met al God se wedergebore kinders.

Jy kan terugkyk op jou eie doop,

maar kyk ook rondom jou – in die kring van gelowiges, en jy sien aardse kinders met aardse ouers,
en tog terselfdertyd wedergebore kinders van God.

5. ONS IS KINDERS OP PAD NA ONS EWIGE VADERHUIS

Maar die Here leer ons om nie net terug te kyk en rondom ons te kyk nie. Deur die apostel Johannes leer Hy ons ook vorentoe kyk, *veral* vorentoe kyk. En as ons vorentoe kyk, doen ons dit met die sekerheid van die geloof.

Dit bring Johannes onder woorde in vers 2 van ons teks:

“Ons weet dat, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees.”

“Soos Jesus ...”

Dit wil sê: Dán, by sy wederkoms, sal ons uiteindelik die geestelike gelaatstrekke van God se kinders volmaak, volkome dra.

En nie net dit nie. Dan sal ons die huis van ons hemelse Vader finaal binnegaan.

Jesus het juis die aand voor sy kruisiging 'n boodskap vir ons agtergelaat.

Hy het gesê (Johannes 14:2):

“In die huis van my Vader is daar baie wonings.

Ek gaan om vir julle plek te berei.

En as Ek gegaan en vir julle plek berei het,

kom Ek weer en sal julle na My toe neem,

sodat julle ook kan wees waar Ek is.”

So, ons weet WAAR ons in die hiernamaals sal wees: saam met Jesus by die Vader.

En in aansluiting hierby skryf Johannes in ons teks ook HOE ons sal wees. Hy sê:

“Ons weet dat, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees.”

Kom ons vat saam, broers en susters:

Deur die apostel Johannes leer die Here ons dat ons nooit hoef te twyfel dat ons sy kinders is nie,

Want, sê Hy, as God ons sy kinders noem, waarom sou ons nog twyfel?

Ons kan maar leef in die sekerheid

- Dat ons deur ons geloof deel is van Jesus Christus, Sy Seun en dat ons saam met Hom sy kinders is;
- Sekerheid dat God ons deur die Heilige Gees weer gebore laat word het, om sy kinders te wees;
- ook sekerheid dat dieselfde Gees ons lei om al meer die gelaatstrekke van ons hemelse Vader kry;
- Totdat ons eendag in die ewige huis van ons hemelse Vader sal ingaan, waar ons volmaak sy kinders sal wees, in heerlijkheid, soos sy Seun Jesus Christus, by ons Vader in ewigheid.

AMEN.

ⁱ Al het ons in die Besondere Kanoniek aangetoon dat 1 Johannes nie werklik 'n brief in die ware sin van die woord is nie, vereis die preek nie dat ons die hoorders met hierdie detail hoef te vermoei nie.